

REIS



Die sesmanskap op die piek van Aconcagua terwyl die eerste sneeu uitsak. Van links is Juan Araya (die Argentynse gids), Jason Grove, Sibusiso Vilane (die Suid-Afrikaanse gids), Francois Gouws, Christiaan van der Merwe en Hendri Viljoen.

Net-net voor sneeustorm

Min mense sien kans vir die ysige koue en siekte om die wêreld se naas-hoogste berg te gaan klim. **Hendri Viljoen** van Bloemfontein en drie Gautengse vriende het dit to bo gemaak.

Everest in die Himalaja is op 8 848 m die wêreld se hoogste piek.

Dan volg Aconcagua in die Andes op 6 963 m.

Ek, Christiaan van der Merwe, Francois Gouws en Jason Grove het Aconcagua se piek op 20 Januarie bereik – ná 12 dae se klim.

Luidens statistieke maak net sowat 30% van die klimmers wat die tog begin dit eindelijk tot bo.

Daar is verskeie faktore wat klimmers se pogings kniehalter.

Die berg is berug om ysige koue en wind – in Desember en Januarie kan die temperature tot -53 °C daal en die wind kan tot 170 km/h haal.

Die weer is met tye ook baie onstabiel.

Die koue, wind, sneeu en skielike storms veroorsaak dat talle klimmers nie eens die kans kry om te probeer om die piek te bereik nie.

Tentjies en hoofpyn

Die hoogte vereis dat 'n mens se liggaam eers by die omstandighede aanpas – met sommige gebeur dit eenvoudig nie.

Almal ervaar die eerste dae simptome van akute hoogtesiekte soos hoofpyn, 'n gebrek aan eetlus en slapeloosheid. 'n Mens voel net mislik.

Mettertyd en met die regte klimatiseringsprogram begin jou liggaam aanpas deur onder meer verhoogde rooibloedselpro-



Die storm bars los oor Aconcagua.



Kamp 3 ná 'n sneeustorm.

duksie. Die simptome sal dan mettertyd verdoof of heeltemal verdwyn.

Soos jy hoër vorder, word die suurstof ál hoe minder en daar is 'n gevaar van vog op die longe of die brein.

Albei dié toestande is lewensgevaarlik en enige klimmer kan dit in enige stadium van die tog kry. Iemand wat simptome hiervan ervaar, moet dadelik na die laer kampe afgevoer word.

Vir ons was dit baie sleg om mense teë te kom wat bo 5 000 m

sulke simptome ontwikkel het en moes omdraai. In ernstiger gevalle word siekes per helikopter na die basiskamp op 4 200 m vervoer. Mense wat baie hoog siek word, moet na die basiskamp gedra word omdat die helikopters nie hoër as 5 500 m kan vlieg nie.

Die Argentynse is baie trots op hul berg en die basiskamp word deur dokters beman. Niemand word toegelaat om hoër as die basiskamp te klim as hy nie volledig deur een van die dokters

Voorbereiding

'n Gesonde persoon wat bereid is om hard te oefen kan 'n uitstapjie soos Aconcagua aanpak.

Hendri Viljoen het sowat nege maande lank ge oefen vir die tog.

Volgens hom moet jy 'n rugsak van tussen 18 kg en 20 kg 'n paar dae lank vir rondom 7 uur per dag oor moeilike terrein kan dra.

Sy oefenprogram het bestaan uit:

- Rondtebaan in die gimnasium so 3 tot 4 dae 'n week met die klem op rug- en maagspiroefeninge.

- Minstens een keer per week 'n sessie van 60 min op die stairmaster. Mik vir so 330 vloere 'n uur.

- Minstens twee fietssessies per week by die gimnasium.

- Een maal per week 50-80 km met 'n bergfiets ry.

- Die laaste twee maande voor die klim het hy elke tweede dag 'n koppie uitgeklim met 'n rugsak vol waterbottels.

- Sy klimvriende het baie gedraf. Hulle het tot vier keer per week gaan draf terwyl hulle 'n motorband aan 'n tou agter hulle aangesleep het.

ondersoek is nie.

Vir my was die baie klim en stap elke dag erg uitputtend – veral weens die min suurstof.

Mense wat nie fiks genoeg is nie, gooi maklik tou op.

Dit was grootliks danksy ons Suid-Afrikaanse gids, Sibusiso Vilane, dat ons dit wel tot bo gemaak het. Vilane is 'n merkwaardige man; die enigste swart man van Afrika wat Everest al baasgeraak het.

Hy het dié monster al twee keer besty.

Hy was ook die eerste Suid-Afrikaner wat saam met Alec Harris van die kus van die suidpool 1 113 km tot by die middelpunt van die pool gestap het.

Saam met Vilane het ons Argentynse gids ons voeding, voginname en klimatisering fyn dopgehou.

Toe een van ons twee dae voor die eindpoging siek word, het dié twee die regte besluite geneem, doktershulp gekry en daarmee gesorg dat hy weer op die been kom.

Uitgelewer aan weer

Op die dag waarop ons die laaste ent tot op die piek moes aflê, was die weer ons genadig.

Van Kamp 3 op 6 000 m is die pad met die Canaletta tot op Aconcagua net 2,5 km, maar omdat 'n mens voetjie vir voetjie vorder en versigtig op die gladdes ys moet trap, het dit ons nege uur tot bo geneem.

Die uitsig oor 'n wolkbank was asembenemend.

Toe ons uiteindelik bo kom, het die eerste sneeu van 'n woeste storm begin val. Ons was net lank genoeg daar om 'n foto of twee te kan neem en moes vinnig die grootsheid van die oomblik inneem voordat ons met 'n ander roete teruggekeer het na Kamp 3.

Daar het die storm toe in alle mag losgebars en almal in die hoë kampe moes na die laer kampe gaan.

Drie dae lank kon niemand na die piek klim nie. Dit het beteken dat talle ander ekspedisies onverrigter sake huis toe moes keer.

Die fisiese en geestelike uitdaging was enorm, maar die klim van Aconcagua was 'n ongeloflik verrykende ervaring. Die koue, hoofpyn, pieklein tentjies en swaar dra aan al die toerusting en kos was oor en oor die moeite werd.

Dit was 'n besonderse oërvinding.